**I.M.S.**
**Vol. I, No. 6**

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
3 O NOV 1960
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
Vrydag, 23 Oktober 1959.

## Munisipale Vlaghysing: Nabetragting

In alle opregtheid moet ek erken dat die seremonie op 14 deser my stoutste verwagtings oortref het, en ek wil die organiseerders en helpers alle lof toeswaai vir die prestasie wat hulle bereik het. Die geleentheid was 'n grootse een, en ek meen ons sal almal erken dat sowel die program as die uitvoering daarvan eer daaraan gedoen het. Ons is almal ook baie dankbaar vir die ondersteuning van die algemene publiek se kant. Toeskouers in hierdie getalle sien 'n mens deesdae net by intervarsities.

## Polio-klinieke

Weens die gebrek aan ondersteuning sal ons genoodsaak wees om die klinieke vir die polio-inspuitings voorlopig te staak. Tot verdere kennisgewing sal daar dus van die dienste van geneeshere gebruik gemaak moet word waar iemand verlang dat inspuitings toegedien word.

## Padveiligheidsmaatreëls: Aansluiting Cluverweg/Victoriastraat

Hierdie aansluiting was nog altyd 'n bron van groot bekommernis vir die Raad, maar ons hoop om eersdaags by wyse van proefneming 'n verbetering daar aan te bring.

## Padbrug oor Treinspoor: Du Toitstasie

Onderhandelinge word gevoer oor die moontlikheid om hierdie ongerieflike oorgang te vervang deur 'n behoorlike brug. Ek glo almal sal dit verwelkom. Die beplanning sal egter heelwat hoofbrekens besorg omdat daar ook op daardie punt voorsiening gemaak moet word vir aansluitings met Adam Tasstraat en die Klapmutspad. As ons moet oordeel volgens die patroon van Adam Tasstraat in die omgewing van die stasie, dan sal dit waarskynlik 'n ingewikkelde affêre wees, en sulke skemas kos in die reël baie geld.

## Noordwal: Rigtingswysers

Die publiek en veral besoekers kla dikwels dat hulle in Noordwal verlore raak omdat dit in die middel deur die Laan onderbreek word sonder 'n aanduiding van die verlenging verder aan. Die vraag is nou hoe ons die probleem kan oplos. Ons het al gedink aan Noordwal-Bo en Noordwal-Onder of Noordwal-Oos en Noordwal-Wes, met die straatnommers op die bordjies by die toegange. Ek sal bly wees as iemand wat 'n beter gedagte het, dit aan my wil oordra. Ons mag net nie die naam Noordwal uitskakel nie.

W. C. DEMPSEY

---

Mayor's Parlour,
30th October, 1959.

## Flowers and Gardens

I read Mrs. Corrie van Eeden's article "Ons Eikestad is nou tuinbewus" in last week's issue of "Eikestadnuus" with a great deal of interest. It is really most gratifying and encouraging to see the way residents are taking pride in their gardens thereby contributing such a great deal to the beauty of Stellenbosch — not to mention all those who assist us so much in attending to the young trees on the side-walks in front of their homes. Several visitors have commented to me on this and the Council is greatly indebted to these public spirited people. Heartiest congratulations also to the Horticultural Society of Stellenbosch for their outstanding exhibition on Saturday. I noticed a great many people from outside Stellenbosch and I am sure that everybody who visited the Town Hall, had a most enjoyable afternoon.

## Beautification of Bergzicht Sports Grounds

The co-ordinating committee of sport clubs in Stellenbosch, "Die Sentrale Sportskakelkomitee", has also requested Council to extend its beautification programme to the Bergzicht playgrounds. Suggestions for the levelling and clearing of untended portions, and for the planting of oaks, other suitable trees and shrubs, have been submitted. I sincerely hope that it will be possible to provide funds on the estimates for next year.

## 1960 Estimates

A very important meeting will be held next Tuesday, 3rd November, 1959, at 2.30 p.m. to consider the estimates of income and expenditure for 1960. This is an open Council Meeting to which the press and public are cordially invited.

## Klapmuts Road

Negotiations have been proceeding for some time regarding the possibility of improving the dangerous sharp curve of Klapmuts Road where it enters Bell Street. The route of this road will probably be changed considerably in the future but it is felt that this corner is so dangerous that certain measures must be taken in the meantime. Funds are limited, but a scheme for levelling out the dangerous turn has now been approved and it is hoped that the work will be carried out with a minimum of delay.

## Guy Fawkes Celebrations

"Be sure to remember the 5th of November."

Next Thursday is Guy Fawkes day, when children of all ages will once again make merry with all kinds of crackers and fireworks. Boys will be boys, and I would in no way like to cast a damper on their gaiety, but at the same time I would like to sound a note of warning. The setting off of fireworks can be very dangerous and serious accidents have occurred in the past, especially in the throwing of fireworks at passing people. It is actually forbidden to set off fireworks in streets and public places, and I wish

to appeal to all parents not to allow their children to do so, and also to seriously impress the dangers of fireworks upon them.

## Councillor J. Theron Smit

Our heartiest congratulations to Councillor J. Theron Smit, who has been re-elected vice-president of the Associated Chambers of Commerce of Southern Africa.

## Staff Marriages

We would also like to extend our congratulations to two young ladies on the Municipal staff, namely Miss E. M. Joubert and Miss E. Carstens, who have recently become Mrs. Roy Justus and Mrs. Tesman Beyers respectively.

---

Burgemeesterskantoor,
Vrydag, 6 November 1959.

## Mnr. A. P. Venter, L.U.K.

Namens die gemeenskap van Stellenbosch wil ek mnr. A. P. Venter hartlik gelukwens met sy herverkiesing as lid van die Uitvoerende Komitee van die Kaapse Provinsiale Raad. Stellenbosch is reeds baie verskuldig aan mnr. Venter vir die ywer wat hy in belang van ons dorp aan die dag gelê het. Graag wens ons hom toe nog baie jare van vrugbare arbeid in hierdie belangrike betrekking.

## Begroting vir 1960

Die belastingbetalers van Stellenbosch sal hulle seker daaroor verheug dat dit vir die Stadsraad moontlik was om sy begroting vir volgende jaar op te stel met die vooruitsig dat geen verhoging in belasting nodig sal wees nie. Met die oog op die steeds stygende koste van arbeid en materiaal is dit geen geringe prestasie nie, en ek wil graag raadslid J. C. de Wet, ons „Minister van Finansies", en die departementshoofde van harte gelukwens. Verdere besonderhede aangaande die begroting verskyn elders in Eikestadnuus.

## Plaaslike Uniefeesvierings

Dit is verblydend dat die bal reeds aan die rol is en dat reëlings in verband met Stellenbosch se plaaslike fees voortgaan. Die verteenwoordigende komitee saamgestel uit al die

verskillende plaaslike organisasies, sal binne die volgende twee weke vergader om 'n program te bespreek.

Die komitee sowel as die Stadsraad sal egter baie graag voorstelle en wenke oor wat ons aanstaande jaar moet aanbied, van die publiek ontvang. Soos reeds bekend, sal die plaaslike fees sy hoogtepunt bereik van 11 tot 13 Mei, wanneer die vlaglopers hier aandoen.

Dit is ook ons opregte wens dat die nie-blanke gemeenskap van Stellenbosch hulle volle gewig sal ingooi met hierdie belangrike gebeurtenis waarby alle seksies van die bevolking inbegrepe is.

Ek is seker Eikestadnuus sal graag enige voorstelle van lesers publiseer, of u kan u wenke ook aan die Stadsklerk meedeel.

## Geketting of Los?

Met die Begrotingsvergadering Dinsdag was daar 'n debat oor die vraag, soos die Onder-Burgemeester, raadslid Schalk Liebenberg, dit gestel het, „of die Burgemeester en Onder-Burgemeester nog kan losloop en of hulle kettings moet kry". Die Raad kon nie eenstemmigheid bereik nie, en vanselfsprekend spreek ek geen gedagtes daaromtrent uit nie, maar daar is aan die hand gedoen dat ons die publiek se menings pols. Hier is dus nog 'n sakie waaromtrent u sienswyse baie welkom sal wees.

## Biblioteek vir Kleurlinge word Geopen

Ek is werklik verheug oor die feit dat die nuwe biblioteek in Idasvallei so ver gevorder het dat dit reeds môremiddag offisieel geopen word. Mnr. A. P. Venter, L.U.K., en dr. I. D. du Plessis, Sekretaris vir Kleurlingsake, sal teenwoordig wees en het ingewillig om elk 'n kort toespraak te lewer.

Ek dink almal sal saamstem dat hierdie biblioteek, met sy 5,000 nuwe boeke, van onskatbare waarde vir die Kleurlinggemeenskap van Stellenbosch kan wees, en ek hoop van harte dat nie alleen volwassenes nie, maar veral die jonger geslag, wel deeglik daarvan gebruik sal maak.

Hierdie biblioteek is daargestel ooreenkomstig die Provinsiale Biblioteekdiens. Elke drie maande sal die boeke in voorraad omgeruil word vir 5,000 nuwes. Die ondersoek aangaande die moontlikheid om die Provinsiale diens tot die plaaslike blanke biblioteek uit te brei, gaan nog voort.

## Die Kat kom Terug

Die kat-storie kan maar nie end kry nie. Die jongste verwikkeling is dat 'n kat-liefhebber van Durban, mev. K. M. Whitton, laat weet het dat sy so bly is dat die Raad nie hardhandig teen Stellenbosch se kafee-katte gaan optree nie, dat sy 'n eksemplaar van die boek „How to Live with A Cat" deur Margaret Cooper Gay, van oorsee bestel het om aan die Raad te skenk!

---

Mayor's Parlour,
13th November, 1959.

## Group Areas

The Chairman of the Regional Group Areas Advisory Board, Dr. J. F. van Rensburg, and the Secretary, Mr. Greeff, called on me in the course of the week, to discuss certain aspects of the prospective proclamation of the various group areas. A further report was promised in the near future.

We do not know when the areas will finally be defined in Stellenbosch, but it does seem as if matters are progressing. It is an uncertain and frustrating position at the moment, a state of affairs which retards development and which, in the Council's opinion, should be resolved at the earliest possible time.

## Restoration of Historic Buildings

My congratulations and best wishes are extended to the newly formed Stellenbosch Regional Committee of the Stigting Simon van der Stel. More details regarding the objects of this organisation and of the local committee will be found elsewhere in this issue. It is indeed fitting that one of the first branches to be formed should be in the second oldest settlement in the country, and one so rich in buildings of historical and architectural importance.

Those who share our feelings for these matters will also be interested in the series of lectures on the preservation and restoration of historic buildings to be held in Cape Town later this month. The purpose of this symposium, which is being organised by the Cape Provincial Institute of Architects, is to encourage the correct restoration of worthwhile buildings in their context. Perhaps I might mention the

lecture on the Municipal point of view in relation to these matters by Councillor Dr. Erika Theron on Wednesday night, November 25th. Further details regarding these lectures will no doubt be furnished in the press, or they can be obtained from the Municipal Offices.

## Donation of Blood

I have been requested by the organizers of the local blood transfusion service to point out that now that the annual exodus of University students is taking place, a very large portion of the Stellenbosch blood donors are no longer available. On the other hand it is a well-known fact that the number of road and similar accidents increase during the summer holidays, with the result that blood in considerable quantities is urgently needed for transfusion. Clinics for the donation of blood are regularly held in Stellenbosch and the organisers would greatly appreciate more members of the public offering their services.

## Street Trees

It has been felt for some time that more specialised attention could perhaps be given to the care of the street trees, especially our oaks. The main difficulty is shortage of staff. The appointment of a qualified tree surgeon would seem to be the ultimate solution, but unfortunately we cannot afford such an appointment at this stage.

A serious problem is caused by overhead electrical wires and trees interfering with each other, necessitating the trimming of the trees to a greater or lesser extent. This is an old headache and, in view of the prohibitive cost of underground cables, one which cannot always be solved to satisfaction. I can, however, assure the public that in the trimming of trees every possible care is taken to ensure that as little damage as possible is occasioned.

## Personalia

We would like to welcome our new Assistant Forestry Officer, Mr. P. W. Heunis, formerly of George, to the Municipal staff. Our Forestry Department is one of our main sources of revenue and the Council feels that its activities should be extended. This appointment should also make it

possible to grant more attention to the question of street trees mentioned above.

I am sure the public will join me in extending every wish for a speedy and complete recovery to Mrs. Hilda de Wet, the wife of Councillor Dr. J. C. de Wet, who is confined to bed at home; and also to our Professional Officer, Mr. W. Blersch, who was admitted to the local hospital for an operation during the week.

W. C. DEMPSEY



PRO EC. 11/59—12157